10 Maart 2010

OUEROMSENDBRIEF 9/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

<u>Ontwikkeling van Bakies met die oog op verhoudinge</u>

Kinders van 7 jaar tot ± 12 jaar groei oënskynlik net om groot te word. Vanaf 9 jaar begin fisiologiese veranderinge, hoofsaaklik onsigbaar, plaasvind. Vanaf 12-13 jarige ouderdom begin die kinders abstrak te dink en dan veral begin die fisiologiese veranderinge sigbaar word.

Die ontwikkeling van die kinders is ewe – of dalk meer belangrik vir die skool.

Die ontwikkeling wat die skool graag wil help bewerkstellig, openbaar hulself op drie vlakke: Interpersoonlik, intrapersoonlike (in die kind self) en die verhoudings in die omgewing (posisie in die ruimte) waar die kind hom of haar bevind.

Vandag kyk ons net na die interpersoonlike verhoudings.

Interpersoonlik verwys na verhoudings tussen die kind en ander, meer spesifiek. Aspekte wat hier van belang is: verhoudinge van die kind met die mense (groot en klein) om hom/haar, hoe die kind hom-/haarself laat geld (aanmatig), hoe die kind konflik hanteer en waardes wat by interpersoonlike verhouding 'n rol speel.

1. **In verhoudings leer kinders met tyd dat sommige leerders met <u>aggressie</u> reageer, noodwendig om te wen maar ook om <u>reaksie</u> uit te lok. Sulke reaksie-uitlok aksies kan wees gesig trek, tong uitsteek, stamp, breek van hul goed, vloek en selfs tekens wys. Kinders wat reaksie wil uitlok by ander het die intensie om skade te berokken.**

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A, H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N. H U L O N D E R S T E U N D I E S K O O L G E R E E L D. S ê U I S 'N O U E R V A N B A K E N K O P A S U 'N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N D I E S K O O L K R Y 'N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0 K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K). *T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0*

Sulke gedrag behoort rapporteer te word, vir verdere aandag en ouers behoort ook self werk te maak met hul eie kinders wat sulke onaanvaarbare gedrag openbaar.

Ons ondervinding is dat as dit nie in laerskooljare gestuit kan word deur ouers en skool nie dit dikwels in hoërskooljare hand uitruk met onaangename gevolge.

Die vraag ontstaan hoe 'n kind hom/haar kan handhaaf teen ander kinders wat aggressief is en reaksie wil uitlok.

2. Hoe die kind konflik rondom hom/haar kan hanteer.

Eerstens behoort die kind hom/haar nie te laat insleep in 'n konfliksituasie nie. Omrede hul nog onervare is, word hul soms onwillig by die soort konflik betrek.

Tweedens behoort kinders die soort konflik aan personeel by die skool te rapporteer.

Derdens behoort kinders die positiewe waardes wat hulle by die huis en skool leer, toe te pas. Sulke positiewe waardes kan wees: Vriendelikheid, selfdissipline, respek, uithouvermoë, vergifnis, voorkoming en empatie.

Norman Vincent Peale het op 'n keer gesê:

Stand up to your obstacles and do something about them. You will find that they haven't half the strenght you think they have.

Bron: Meta-synthesis on learners experience of aggression in secondary schools in South Africa: Chris Myburg and Marie Swanepoel. South African Journal of Education V29, Number 4, November 2009, p 445-460.

2. OUERAAND – BELANGRIKE DATUM VERANDERING

GR. R – GR. 7

Let asb. daarop dat die oueraand van 15 Maart 2010 <u>verskuif na 19 April 2010 om 17:00 tot 19:00.</u>

Om 19:00 versoek ons dat alle Gr. 4 ouers asb. in die saal bymekaar kom vir 'n spesiale Gr. 4 vergadering.

3. SKAAK

Daar word elke Woensdagmiddag van 13:30 tot 14:00 in Juf. Ilze Grobbelaar se klas, kamer G11 geoefen. Alle leerders is welkom.

4. SENIOR KOOR

<u>DATUMS</u>

Hierdie is die volledige program vir die jaar. Bewaar op 'n veilige plek en moet asseblief nie ander reëlings tref op hierdie datums nie:

Woensdag	**24 Maart**	**-**	**Geen oefening.**
Donderdag	**22 April**	**-**	**Notepret aand**
Maandag	**17 Mei**	**-**	**Autumn Concert**
Woensdag	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand**
Woensdag	**28 Julie**	**-**	**Garsfontein kinder kultuurfees.**

Die datum vir Radio Kansel Tehita kompetisie waaraan ons gaan deelneem is nog nie bekend nie.

Alle uitstaande T-hemp (R60) en uitstappie geld (R65) moet <u>DRINGEND</u> betaal word.

5. PAASEIER BESTELLING

<u>Alle</u> paaseier bestellings afgehandel op 16 Maart 2010. Dankie vir die ondersteuning. Laat bestellings sal tot dan geneem word.

6. REINIER JOUBERT

Op Vrydag 26 Maart 2010 gedurende skooltyd, tree Reinier Joubert (deelnemer Super Sterre en oud-Bakie) op. Die voorreg om die konsert by te woon en gewone klere aan te trek op dié dag as die skool sluit, beloop R10.00. Alle geld wat ingesamel word sal geskenk word aan Steve Biko Hospitaal se "Beautiful Noise Kogleêre Inplantingsprojek". Ons hoop al die Bakies ondersteun ons in hierdie baie belangrike projek.

7. ATLETIEK

Baie geluk aan die volgende atlete met hul puik prestasies op die

<u>Distrik Kampioenskap , 19 Februarie 2010.</u>

Terseus van Niekerk – 4de-spiesgooi, 1ste-verspring.
Rudi Möller – 2de gewigstoot.

Charl Lombaard – 1ste-1500m Stap en nuwe rekord.
Carmen Steenkamp – 3de- 150m hekkies.
Merene Kotze – 4de –gewigstoot.
Tellicha van Vuuren – 4de-verspring.

<u>Gauteng Kampioenskap – 5 en 6 Maart 2010</u>

Terseus van Niekerk – 5de-verspring
Rudi Moller – 9de-gewigstoot
Charl Lombaard – 2de-1500m Stap

19 en 20 Maart - Atletiek: Nasionale kampioenskap – (Oos Londen)

8. POS VIR BEMARKER BY LAERSKOOL BAKENKOP

Die Beheerliggaam het dit goedgekeur dat 'n Bemarker by Laerskool Bakenkop aangestel moet word. Ons wil graag die pos vul uit ons ouers of personeel se geledere. Die bemarker sal verantwoordelik wees vir bemarking sowel as fondsinsameling. Salaris is onderhandelbaar. Aanvangsdatum: 1 Mei of so gou moontlik daarna. Stuur asb. CV's aan liezl@laerskoolbakenkop.co.za of handig dit in by die skoolkantoor vir aandag Liezl Walters-van Jaarsveld.

Navrae kan gerig word aan Mev. Thea Bruwer by 083-414-7004 of e-pos cobus.bruwer@telkomsa.net. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 11:00 op 26 Maart 2010.

9. OMKAPMASJIEN

Dit het tot die skool se kennis gekom dat daar by een van ons gesinne 'n dringende behoefte bestaan vir 'n omkapmasjien wat aangewend kan word om 'n inkomste te genereer. In die verband sal dit waardeer word indien daar iemand is wat kan help. Kontak die skoolkantoor.

10. SWEETPAK VOORRAAD BY SNOEPIE

Daar is nog die volgende voorraad sweetpakbaadjies en broeke by die Snoepie beskikbaar:

Baadjies	**-**	**5-6 jaar**	**-**	**15 oor**
	-	**7-8 jaar**	**-**	**3 oor**

Broeke	**-**	**7-8 jaar**	**-**	**5 oor**
	-	**11-12 jaar**	**-**	**4 oor**
	-	**13-14 jaar**	**-**	**2 oor**
	-	**Medium**	**-**	**3 oor**
	-	**Large**	**-**	**4 oor**

Baadjies : R230.00 (R385.00 by Uitrusters)

Broeke : R120.00 (R200.00 by Uitrusters).

11. FOTO'S

Klas- en individuele foto's word op Donderdag, 18 Maart 2010 geneem.

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF